

# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 48    19 September 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

Die volgende berig is van die Vryburger fonds ontvang en ek plaas dit onveranderd soos ek dit ontvang het

Die artikel stel die fonds aan u bekend en is reeds met die laaste bondsvergadering as fonds wat deur die gemeentes van die Geloofsbond ondersteun kon word goedgekeur.

Lees gerus die artikel en ondersteun die fonds as een van u barmhartigheidsprojekte.

Ek stel dit egter duidelik dat dit geen verpligte projek is nie en dat dit elke gemeente vry staan om soos reeds verskeie kere bevestig is by te dra tot die fonds. Die artikel spreek reeds boekdele vir homself en daarom die oproep dat kerkrade en individue dit tog oorweeg om hiertoe by te dra.

### **Die Vryburger Kinderfonds bekend gestel**

Gedurende die tweede helfte van 2011 het die volkseie Radio Pretoria, weens 'n kaping, 'n nuwe rigting ingeslaan, en het die ideaal wat bestaan het om dit 'n deel van die Boere-Afrikaner se vryheidsideaal te maak, vervaag.

Enkele maande later het Die Vryburger, met die inisiatief van die voormalige Besturende Direkteur van die Radio, tot stand gekom.

Die Vryburger is n internet koerant (e-koerant) wat van meet af getoon dat daar n geweldige behoefte bestaan, en groei maand na maand in leserstal.

Die Vryburger word tans beskou as die grootste Afrikaanse e-koerant wat gratis gelees kan word.

Die leserstal se toename is sodanig dat die eienaars nuwe planne moes maak om die nuus daaglik beskikbaar te stel aan sy lesers, maar het reeds bewys dit voldoen ten volle aan sy slagspreuk, "Nuus wat saakmaak".

Die koerant kan op die internet gelees word by [www.dievryburger.co.za](http://www.dievryburger.co.za).

Op 23 Augustus is Die Vryburger Kinderfonds bekendgestel tydens die stigtingsvergadering van die Calvinistiese Alliansie in Pretoria.

Die Kinderfonds word as teenvoeter vir die ander soortgelyke fondse gesien wat mense en gemeentes se geld opeis om aan volksvreemdes te gee, terwyl Boere-

Afrikaners se verarmde volksgenote 'n sukses bestaan moet voer.

Die Vryburger Kinderfonds het ten doel om sy volk se kinders wat in armoede verkeer, te help sodat hulle deeglike skoolopleiding kan geniet.

Om dit moontlik te maak is die mikpunt om soveel moontlik sulke gevalle te identifiseer, en daardie kinders, waar moontlik, in CVO-skole te plaas deur finansiële hulp te verleen.

n Aantal leraars wat betrokke is by die Calvinistiese Alliansie is tot die bestuur verkies om saam met vier lede van Die Vryburger, beheer uit te oefen.

Gemeentes wat wil inkoop, word vriendelik versoek om die Kinderfonds te ondersteun deur een erediens per jaar se kollekte aan die Kinderfonds oor te betaal.

Die gemeentes word ook vriendelik versoek om hulle gemeentedelede bewus te maak van

die Fonds se bestaan, en hulle aan te moedig om self ook 'n individuele bydrae te maak ter wille van kinders.

Die bankbesonderhede is soos volg:

Rekeningnaam	Oranjekas
Bank	Standard Bank
Rekening no.	271240490
Takkode	010545
Verwysing	0145378664 – Naam van gemeente of skenker
Faks inbetaalstrokie aan	086 536 9953

#### **Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

#### **Belangrike skakels om te gebruik:**

##### **Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

Webblad (Audio-preke van Bondsprekante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

##### **SteedsHervormers**

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Vir enige verdere hulp gebruik:

[media@geloofsbond.co.za](mailto:media@geloofsbond.co.za)

## “MET BAL EN AL”

Ondersteun ook die gemeente Krugersdorp met hulle Rugby ontbyt op Saterdag 18 Oktober 2014. Dit word gehou by die Pro Practicum lapa in Luiperdstraat in Krugersdorp.

**“MET BAL EN AL”**



**Rugby ontbyt**





Saam met rugby legende en bekendes soos:

- Toy Dannhauser
- En nog meer ( Die teenwoordigheid van ander rugby bekendes moet net nog bevestig word, dan gee ons dit deur )

**Datum:** Saterdag 18 Okt 2014  
**Tyd:** 9 vm tot laat

**Plek:** Pro Practicum lapa. Luipaard str 273 Boltonia, Krugersdorp.  
 Koördinate: 26°06'10.1"S 27°44'49.5"E

**Prys:** R 150 per persoon wat volledige Boere-ontbyt insluit

*Bring u eie koelhouer met vloeibare verversings en geniet die ontbyt saam met rugby legendes en bekendes.*

*Die namiddag word die halfeindstryde van die Curriebeker op die Grootkerm aangebied.*

*Groot rugby aandenkings en wegbreek naweke / midweek op veiling en ook te wen.*

Stuur u gemeente se  
**kennisgewings en nuusbrokkies**  
 na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir  
 opname in die volgende Koersvas.

Vir verpakkingsmateriaal, spyse-  
 nierings-benodighede en skoon-  
 maakmiddels vir funksies van  
 kerke en skole, skakel  
**MW PACKAGING**  
 by 018 381 1494.